



Beste Kinderstad ouers.

Oor baie jare heen laat advertensies mense laat glo dat jy sekere produkte BAIE nodig het, dat dit jou 'n gelukkiger mens sal maak. Ons glo soms dat dit ons lewe sal transformeer. Die beste dieet of oefen program, dalk die heel nuutste selfoon of motor. Sodra jy dan besef hoe hierdie produk of program jou lewe kan verander, sien jy dit oral raak. "n Paar jaar terug het ons begin rondkyk om 'n ander motor te koop. Vir die eerste keer het ons na 'n Honda gekyk, op pad terug van die motor handelaar af het ek net Honda's gesien waar ek kyk. Ewe skielik het 'n derde van Pretoria Honda's gery, iets wat ek nog nooit van te vore opgemerk het nie.

Dit is ook wat gebeur met die Bybel en gebed. Sodra jy jou fokus op God sit en jy moeite doen met Sy woorde en met Hom gesels, sien jy waarmee HY besig is om jou. Hoe klein goedjies nie net toevallig gebeur nie maar inpas in dit waar mee Hy besig is.

Mattheus 7:7-11 se "Hou aan met vra en God sal vir julle gee. Hou aan met soek en julle sal kry. Hou aan klop en God sal die deur vir julle oopmaak. 8Elkeen wat so volhardend vra, ontvang; en wie aanhou soek, kry; en vir elkeen wat aanhou klop, sal God oopmaak.

Kom ons begin, as gesinne saam, om te bid, maar nie net vir onself nie. Kom ons bid vir mekaar, vir ander mense en hulle behoeftes. Saam met ons kinders, vir hul se maatjies en hul onderwysers, ons bure en leiers.

As ons woorde opraak het Jesus sy dissipels 'n pragtige gebed gegee in Mattheus 6:9-13

"Ons Vader wat in die hemel is, ons bid dat al die mense u heilige Naam sal eer omdat U God is. Ons bid dat die tyd moet kom wanneer almal sal weet U is Koning. Ons bid dat al die mense op die aarde sal doen wat U wil hê hulle moet doen, soos die engele in die hemel dit doen. Gee vir ons vandag die kos wat ons vandag nodig het. En vergewe ons alles wat ons verkeerd gedoen het teen U, soos ons ook ander mense vergewe wat verkeerd gedoen het teen ons. En help ons dat niks sal gebeur wat ons sal laat sonde doen nie. Maar beskerm ons teen die duiwel. Amen

Daar is ook soveel ander Bybel verse wat ons kan gebruik as ons nie weet hoe om te bid nie. As julle 'n behoefte het of vir iemand met 'n behoefte wil bid, kry 'n gepaste gedeelte. (Gebruik Google of jou browse – Bv. Bible scripture on hope in the Lord) Kies dan die 'n vers en maak dit persoonlik, sit name in of spesifieke

voorbeelde in. Maak seker dit is eenvoudige verse wat jou kinders kan verstaan en gebruik 'n maklike vertaling soos Die Bybel vir almal of Nuwe Lewende vertaling. Al by is op YouVersion beskikbaar. Bid dit dan so gereeld as jul kan.

Ander gedeeltes is: Psalm 23, Hebreërs 4:16, Psalm 119:18, Psalm 24, Handeling 2:21.

Geniet hierdie wonderlike ontdekkings reis saam met jou kinders. Net soos met ons Honda is ek seker dat julle God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees meer en meer sal sien werk, in julle en om julle.



Groete

Gerda



I can do
all things
through
Christ who
strengthens
me

Philippians 4:13




Galatians 6.9

And let us not be weary
in well doing:



for in due season we shall
reap, if we faint not.



THE

JOY



OF THE

LORD

IS MY

STRENGTH

Nehemiah



©JOANNE FINK · WWW.ZENSPIRATIONS.COM
COLOR & CREATIVITY BY _____